

IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPÈLAFDELING

In die saak tussen

MTHETHELELI ZEPHANIA MNCUBE

Eerste Appellant

MZONDELELI EUCLID NONDULA

Tweede Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

CORAM : HEFER, VIVIER et EKSTEEN ARR.

AANGEHOOR : 25 en 26 FEBRUARIE 1991

GELEWER : 25 MAART 1991.

UITSpraak

HEFER AR

Die gebeure wat aanleiding gegee het tot hierdie appèl het plaasgevind in die gebied van Weipe noord-wes van Messina en onmiddellik ten suide van die Limpopo - die grens tussen Suid-Afrika en Zimbabwe - waar 'n aantal besproeiings - en wildboere 'n heenkome vind. Afgesien van die teerpaaie wat Messina met Beitbrug in die noorde en Pontdrif in die weste verbind, word die gebied uitsluitlik deur grondpaaie bedien. Langs die suidelike oewer van die rivier loop daar o a 'n grondpad, bekend as die kaplyn-pad, waarby verskeie ander dergelike paaie aansluit.

Tussen agt-en negeuur die oggend van 26 November 1985 het twee landmyne naby 'n plaaswinkel in die gebied ontplof. Die een is deur 'n vragmotor met 'n vrag sement voor die winkel gedetoneer en die ander agter die winkel deur 'n bakkie wat deur ene de Villiers op die kaplyn-pad bestuur is. De Villiers het met sy lewe en sonder beserings daarvan afgekom hoewel sy bakkie totaal verwoes is. Die bestuurder van die vragmotor en sy passasier was egter nie so gelukkig nie; die

ontploffing het eersgenoemde redelik ernstig beseer en laasgenoemde gedood. Later die dag is nog twee myne in die kaplyn-pad gevind en verwyder. Die volgende dag was ewe gebeurtenisvol. Eers het 'n trekker van ene Erasmus 'n landmyn op laasgenoemde se plaas naby die winkel afgetrap. Die trekkerbestuurder is gedood. Later die dag was daar nog twee ontploffings terwyl die weermag en die polisie besig was om ander plase te fynkam. 'n Voertuig van die weermag en een van die polisie is beskadig en verskeie soldate en 'n polisieman ernstig beseer.

Een van die polisiemanne wat op 27 November op die toneel was, was 'n spoorsnyer, Majoor Muller. Op die plek waar die weermagvoertuig die myn afgetrap het, het Majoor Muller skoenspore gevind. Hy en sy geselskap het die spoor tot donker daardie aand vir 'n lang afstand oor verskeie plase gevolg en die soektog die volgende oggend hervat maar, hoewel die spoor al varser geword

het, kon hy die persone deur wie dit nagelaat is nie inhaal nie en moes hy onverrigter sake by die Limpopo om-draai waar hulle die grens oorgesteek het.

Die twee weke na 27 November het rustig verloop. Soos te wagte is het die polisie en die weermag die gebied gefynkam vir verdere landmyne maar, hoewel nog twee myne op 28 November gevind en onskadelik gestel is, was daar geen verdere voorvalle nie tot 12 Desember 1985 toe 'n voertuig van die weermag weer 'n myn op die plaas Bergen op Zoom afgetrap het. Twee insittendes van die voertuig is ernstig beseer. Dit was die voorspel tot 'n skokkende voorval wat op 15 Desember 1985 plaasgevind het. Daardie dag het ene De Nysschen sy familie en 'n vriend van hom, ene van Eck, en laasgenoemde se gesin op 'n uitstappie op sy wildplaas Amersham geneem. De Nysschen het die bakkie waarmee die twee gesinne gereis het bestuur terwyl die meeste van die kinders en die vrouens agter op die voertuig gesit het. Op 'n selde-gebruikte wildpaadjie het die bakkie

'n landmyn afgetrap en in die ontploffing is ses persone gedood. Hulle was De Nysschen se moeder en twee van sy kinders en mev van Eck en twee van haar kinders. De Nysschen self, sy vrou en sesjarige dogtertjie en van Eck is baie ernstig beseer.

Na hierdie tragiese gebeurtenis was daar weereens 'n tydperk van stilte totdat ene van Rensburg wat op die plaas Overvlakte besig was met lugbespuiting op 12 Februarie 1986 'n landmyn op die pad na die private vliegveld op die plaas raakgery het. Van Rensburg is nie beseer nie maar sy voertuig is onherstelbaar beskadig.

Die volgende insident waarna verwys moet word was op 25 Desember 1986. Daardie Kersoggend het mnr Rudolf Schubert en 'n aantal gaste uit Duitsland met 'n oop voertuig op die plaas Newmark rondgery toe hulle op vyf swart mans wat in blou oorpakke geklee en met AK 47 gewere toegerus was, afgekom het. Schubert het onmiddellik beseef dat hy met terroriste te make gehad het en het

op hulle begin skiet met 'n jaggeweer. Sonder om 'n skoot terug te skiet het die vyf persone op die vlug geslaan. Nadat hulle verdwyn het, het Schubert 'n aantal landmyne en handgranate en 'n hoeveelheid ammunisie aangetref onder die boom vanwaar hulle gevlug het. Schubert het die voorval onverwyld gerapporteer by 'n militêre basis in die omgewing met die gevolg dat 'n soektog na die voortvlugendes dieselfde dag nog deur die weermag onderneem is. Kontak is egter eers die volgende dag met hulle gemaak op die aangrensende plaas Chatsworth waar hulle in 'n klipkoppie geskuil het. Drie van hulle is daar deur lede van die weermag doodgeskiet en die ander twee het op die vlug geslaan. Een van hulle was die huidige eerste appellant, wat deur 'n afdeling soldate agtervolg en gevange geneem is. Die vyfde lid van die groep is die volgende dag op 'n nabygeleë plaas opgespoor en doodgeskiet.

Eerste appellant is vroeg die aand van 26 Desember 1986 oorhandig aan twee lede van die Veiligheidspolisie, adj-off Gerber en sersant Nel, wat hom na Messina sou neem vir aanhouding. Op daardie stadium was sy hande met 'n skoenveter agter sy rug vasgemaak - blykbaar omdat daar nie boeie beskikbaar was nie. Hy is agter op Gerber en Nel se oop bakkie gelaai saam met die vier AK 47 gewere waarop vroeër die dag beslag gelê is en om ongeveer 8 uur die aand het die voertuig vertrek met Gerber aan die stuur en Nel agter op die bak om 'n oog oor die gevangene te hou. Hulle het egter nooit in Messina opgedaag nie. Later die nag is hulle voertuig ongeveer 13 km vanaf die dorp langs die teerpad aangetref. Voor in die kajuit wat vol koeëlgate was, was Gerber en Nel se lyke. Dit was duidelik dat hulle van agter vanaf die bak geskiet is. Van eerste appellant en een van die AK gewere was daar geen spoor nie. Eers op 3 Januarie 1987 is hy toevallig deur lede van die

Veiligheidstak langs die Messina-Pontdrif pad aangetref en gevange geneem.

Voortspruitende uit hierdie gebeure en ander waarna later verwys sal word het die appellante voor 'n Rondgaande Hof (DE VILLIERS R en assessore) tereggestaan op 'n hele reeks aanklagte. Aanklagte 1 - 8 het betrekking gehad op die dood van diegene wat gedurende November en Desember 1985 in die landmyn-ontploffings omgekom het; die bewering was dat beide appellante aandadig was aan die plant van die myne en derhalwe skuldig aan moord op al hierdie aanklagte. In aanklagte 9 en 10 is eerste appellant alleen aangekla van die moord op adj-off Gerber en sersant Nel. In aanklagte 11 - 34 is beide appellante aangekla van poging tot moord. Die wesenlike bewering in hierdie aanklagte was weereens dat hulle aandadig was aan die plant van die myne. In aanklag 35 is hulle aangekla van terrorisme en in aanklagte 36, 38 en 39 en 40 is oortreding

deur beide appellante beweer van verskeie statutêre bepalinge wat betrekking het op die besit van handgranate, landmyne en ander wapens. Appellante het onskuldig gepleit op al die aanklagte maar na 'n lang verhoor is eerste appellant skuldig bevind op aanklagte 1,9,10,11,12,35, 36,38 en 39, en tweede appellant op aanklagte 3-8 en 13-36. Die verhoorhof het bevind dat daar nie versagende omstandighede was ten opsigte van die drie aanklagte van moord waarop die eerste appellant en die ses aanklagte van moord waarop tweede appellant skuldig bevind is nie, en hulle op elkeen van hierdie aanklagte ter dood veroordeel. Daarbenewens is beide van hulle ook ter dood veroordeel weens hulle skuldigbevinding op aanklag 35. Op die ander aanklagte is gevangenisstraf vir wisselende tydperke opgelê wat effektief daarop neerkom dat beide vir 25 jaar na die gevangenis gestuur is. Die verhoorregter het egter verlof aan hulle verleen om na hierdie hof te appelleer teen die skuldig-

bevindings en vonnisse op al die aanklagte.

By die verhoor van die appèl het dit geblyk dat, wat die skuldigbevindings op al die aanklagte van moord en poging tot moord uitgesonderd aanklagte 9 en 10 betref, die fundamentele geskilpunt tussen die Staat en die verdediging is of die appellante aandadig was aan die lê van die landmyne wat gedurende November en Desember 1985 en Februarie 1986 in die Weipe gebied ontplof het. Wat aanklagte 9 en 10 en die oorblywende aanklagte waarop die appellante skuldig bevind is betref, is die geskilpunte totaal anders. Daarom is dit gerieflik om eerste appellant se skuldigbevinding op aanklagte 1, 11 en 12 en tweede appellant se skuldigbevinding op aanklagte 3-8 en 13-34 afsonderlik te oorweeg.

EERSTE APPELLANT : AANKLAGTE 1, 11 en 12.

Aanklagte 1 en 12 het betrekking op die landmyn wat op 26 November 1985 voor die winkel op Weipe deur 'n vragmotor raakgetrap is. Soos vantevore aangedui, is

die bestuurder van die vragmotor beseer, en sy passasier gedood in die ontploffing. Aanklag 11 het betrekking op die myn wat mnr de Villiers dieselfde oggend met sy bakkie op die kaplyn-pad agter die winkel gedetoneer het. Die Staat se saak berus, wat hierdie drie aanklagte betref, hoofsaaklik op die bewering dat eerste appellant die punte waar die twee ontploffings plaasgevind het en ook die nabygeleë punte waar twee ongedetoneerde myne later gevind is aan die polisie uitgewys het. Luitenant de Lange van die speurdiens op Potgietersrust het getuig dat, hoewel hy gedurende Februarie 1987 geweet het dat daar landmynontploffings in die Weiße gebied was, hy nooit voor 13 Februarie 1987 in daardie gebied was nie en nog minder geweet het presies waar die myne ontplof het of waar ander ongedetoneerde myne gevind is. Sy getuienis is dat hy opdrag ontvang het om eerste appellant by die polisiestasie op Louis Trichardt te ontmoet met die oog op sekere uitwysings wat laasgenoemde aan hom sou maak. Hy was nie betrokke by die onder-

soek van die saak teen eerste appellant nie en het hom van geen kant geken nie. Op 13 Februarie het hy eerste appellant by die polisiestasie op Louis Trichardt ontmoet vanwaar hy, handelende op eerste appellant se aanwysings, na Messina en vandaar na die Weiße gebied gery het. Daar aangekom het eerste appellant sekere punte aan hom uitgewys.

(Ander getuies het later by die verhoor die betrokke punte geïdentifiseer as dié waar die twee ontploffings plaasgevind het en waar twee ongedetoneerde myne gevind is.) 'n Stel fotos wat tydens die uitwysing geneem is, is ingehandig. Op elkeen verskyn de Lange saam met eerste appellant wat telkens met sy hand na 'n punt op die grond wys.

Eerste appellant het in sy getuienis erken dat hy die betrokke dag in de Lange se teenwoordigheid by die punte was, dat hy by elke punt met sy hand na 'n punt op die grond beduie het en dat die stel fotos by daardie geleentheid geneem is. Sy weergawe was egter dat hy nooit in die verlede by enigeen van die punte was nie en dat hy by elkeen

daarvan bloot de Lange se bevele nagekom het om daar te staan en met sy hand na die grond te wys. Dit, sê hy, het hy gedoen as gevolg van dreigemente wat luitenant Dreyer - 'n getuie na wie later verwys sal word - die vorige dag teenoor hom geuiter het en wat hy gevrees het uitgevoer sou word indien hy de Lange se bevele nie gehoorsaam nie.

In hierdie hof is namens eerste appellant aangevoer dat die verhoorhof louter het deur sy getuienis oor die uitwysings te verwerp en de Lange s'n te aanvaar. Die betoog hou egter nie steek nie. 'n Vraag wat onmiddellik na vore kom is hoe de Lange met sy totale gebrek aan vooraf kennis sou geweet het waar die punte was sodat hy eerste appellant soontoe kon neem. Eerste appellant se antwoord in kruisondervraging was dat daar 'n merker by elke punt was waaroor de Lange vooraf ingelig moes gewees het. By een punt, het hy gesê, was daar bv 'n motor - buiteband; by 'n ander 'n halwe drom en by nog ander

punte was daar klippe as merkers geplaas. Toe hy daarop gewys is dat geeneen van die beweerde merkers behalwe 'n klip op enigeen van die fotos verskyn nie was sy verduideliking dat die fotos doelbewus so geneem is dat die merkers uitgesny is. Daarop is hy verwys na 'n foto van die hele omringende gebied van 'n punt waar hy beweer daar ook 'n klip gelê het maar waarop so 'n klip nie verskyn nie. Sy onsinnige verduideliking was dat die foto ook maar afgesny moes gewees het. Voorts is hy daarop gewys dat op die foto waarop daar wel 'n klip langs die pad sigbaar is, hy nie na die klip wys nie maar na 'n punt in die pad weg van die klip af. Hiervoor het hy geen verduideliking gehad nie. Hy kon ook nie verduidelik waarom de Lange nie aan die hand van die foto gekruisvra is nie en waarom dit nie aan hom gestel is dat die klip inderdaad 'n merker was nie.

De Lange het boonop getuig dat eerste appellant op 'n plek waar 'n plaaspad by die kaplyn-pad aansluit ook

'n punt aan hom uitgewys het. Volgens die Staatsgetuies het daar niks by daardie punt gebeur nie. Die plaaspad lei egter wel na Erasmus se plaas waar 'n landmyn die trekkerbestuurder op 27 November 1985 gedood het, 300-400 meter vanaf die punt wat eerste appellant uitgewys het. Indien de Lange hom na die punte geneem het soos eerste appellant beweer, wonder mens waarom hy hom na een sou neem waar daar niks gebeur het nie en nie na die plek van die ontploffing nie; of, indien die punt gemerk was soos beweer word, waarom dit gedoen sou gewees het; of, indien 'n verkeerde plek gemerk is, hoe dit gekom het dat diegene wat die merker aangebring het so 'n growwe fout sou gemaak het.

Wat egter die sterkste kritiek verdien is eerste appellant se getuienis oor wat die dag van die uitwysings gebeur het op die plaas Samaria. Ter verduideliking moet gemeld word dat Samaria in die Pontdrif omgewing is ongeveer 50 km vanaf Weipe en dat twee ongedetoneerde landmyne gedurende Oktober 1986 daar aangetref en verwyder is.

Die een is gevind tussen 50 en 100 tree vanaf die plaaswoning in die ryvlak van die pad wat na die huis lei en die ander was ongeveer 100 meter daarvandaan in die ryvlak van 'n pad wat destyds gereeld deur die weermag gepatrolleer is. Volgens de Lange het hy op 13 Februarie 1987 na die uitwysings op Weipe na Samaria gery op die aanwysings van eerste appellant wat te kenne gegee het dat daar twee punte in die Pontdrif omgewing was wat hy aan hom wou uitwys. Sy getuienis is dat hy ure op Samaria vertoef het omdat eerste appellant oral gesoek het na die plekke wat hy wou uitwys. Op een plek moes hy eerste appellant wat kaalvoet was selfs op sy rug oor 'n kol dorings dra om uit te kom waar laasgenoemde wou wees. Die soektog was egter tevergeefs en geen punt is uitgewys nie. Eerste appellant erken die lang besoek aan Samaria en die soektog in die bosse. Hy erken ook dat de Lange hom op een stadium op sy rug deur die dorings gedra het. Hy beweer egter dat de Lange hom eenvoudig na Samaria geneem

het en daar gesoek het na punte wat de Lange, selfs met behulp van die plaasbewoners, nie kon vind nie. Sy getuienis in hierdie verband kan alleen as absurd bestempel word. Soos reeds aangedui, was die landmyne naby die huis op Samaria in die ryvlak van twee paaie wat gereeld gebruik is. Op die veronderstelling dat dit dié punte was wat de Lange in gedagte gehad het omdat hy vooraf daarvoor ingelig is, was daar geen rede vir die lang soektog, of vir enige soektog, in die bosse tussen die dorings nie; op eerste appellant se weergawe sou de Lange presies geweet het waarheen om te ry en presies waar die punte was waarheen hy eerste appellant moes neem. Waarom sou hy hom dan in so 'n soektog begewe en eerste appellant selfs rondra en dan onverrigter sake vertrek? Wat veel eerder aanvaarbaar is, is dat eerste appellant inderdaad die punte wou uitwys maar dit nie kon vind nie omdat die myne in die geheim daar geplant is deur 'n persoon of persone wat die plek vanuit die bosse genader het.

Myns insiens is daar nie fout te vind met die verhoorhof se verwerping van eerste appellant se getuigenis oor die uitwysings nie. Volledigheidshalwe moet bygevoeg word dat sy advokaat in hierdie hof nie te kenne gegee het dat de Lange se getuigenis oor die uitwysings ontoelaatbaar was weens Luitenant Dreyer se beweerde dreigemente waarna vroeër verwys is nie. Trouens, mnr Mahomed het in die lig van beslissings soos die in S v Nyembe 1982 (1) S A 835 (A) op 843 C-E, S v Tsotsobe and Others 1983 (1) S A 856 (A) op 863 G- 864 E en S v Shezi 1985 (3) 900 (A) op 905 G- 907 D toegegee dat die getuigenis oor die uitwysings toelaatbaar was. Hy het nietemin aangevoer dat eerste appellant se getuigenis oor die beweerde dreigemente as deel van die getuigenis as geheel in aanmerking geneem moet word by oorweging van die vraag of hy inderdaad die uitwysings gemaak het. Hierdie benadering is ongetwyfeld korrek maar dit doen geen afbreuk aan my gevolgtrekking dat eerste appellant se getuigenis tereg verwerp is nie.

Die verhoorhof het sy getuienis oor die beweerde dreigemente in elk geval verwerp. In die lig van wat later gesê sal word oor eerste appellant se geloofwaardigheid oor ander aspekte van die saak was die verwerping van hierdie deel van sy getuienis myns insiens onvermydelik.

Mnr Mahomed het verder aangevoer dat eerste appellant se uitwysings in die omstandighede van die saak nie 'n nadelige afleiding regverdig nie. Ek stem nie saam nie. Argumentshalwe is ek bereid om te aanvaar dat, soos mnr Mahomed betoog het, daar in 'n geval waar onbekende feite ontdek word as gevolg van 'n uitwysing sterker gronde vir 'n nadelige afleiding mag bestaan as in 'n geval waar die Staat op die uitwysing as sodanig staatmaak. Dit neem die saak egter nie verder nie. Soos aangetoon in S v Shezi (supra) op 906 B, word getuienis van 'n uitwysing toegelaat -

".....on the basis that the act done by the accused shows that he has knowledge of the thing or place pointed out, from which knowledge it may be possible, depending on all the facts of the case, to draw an inference as to the accused's guilt."

Sou 'n beskuldigde 'n plek uitwys waar 'n misdaad vantevore gepleeg is ontstaan die vraag natuurlik of sy kennis uit sy eie deelname in of aandadigheid aan die betrokke misdaad spruit dan wel uit inligting wat iemand anders aan hom daaromtrent verskaf het, en of dit toe te skryf is aan die feit dat hy iemand anders die misdaad daar sien pleeg het (S v Shabalala 1986 (4) S A 734 (A) op 748 J). Vanselfsprekend moet hierdie vraag beantwoord word aan die hand van die feite in elke saak en 'n afleiding van die beskuldigde se aandadigheid aan die misdaad kan slegs gemaak word indien dit die enigste redelike afleiding is wat die feite as geheel regverdig. Maar die feite mag van so 'n aard wees dat 'n afleiding van sy aandadigheid onvermydelik is. Die onderhawige is, myns insiens,

so 'n geval. Gedagtig aan die ligging en spesifiek-ge-lokaliseerde aard van die plekke wat hy uitgewys het te-same met die feit dat hy nie net een nie maar 'n hele reeks spesifieke punte uitgewys het; sy leuenagtige getuienis oor die uitwysings (vgl S v Masilela en 'n Ander 1987(4) S A 1 (A) op 4 1-3); en die feit dat dit nooit sy saak was dat hy iemand anders die myne daar sien lê het of dat sy uitwysings gegrond was op wat andere (hetsy die polisie of iemand anders) hom omtrent die plekke vertel het nie, is die afleiding onvermydelik dat eerste appellant se kennis voortgespruit het uit sy eie aandadigheid.

Derhalwe kan daar myns insiens nie fout gevind word met die skuldigbevinding op aanklagte 1; 11 en 12 nie.

TWEEDE APPELLANT : AANKLAGTE 3 - 8 en 13 - 34.

Aanklagte 3 tot en met 8 (moord) en aanklagte 29-33 (poging tot moord) het betrekking op wat gerieflikerwys beskryf kan word as die De Nysschen voorval op die plaas Amer-sham op 15 Desember 1985; aanklagte 13 tot en met 23 het be-

trekking op 'die landmyn wat op 27 November 1985 deur 'n weermag voertuig gedetoneer is, aanklagte 24 en 25 op die myn wat op dieselfde datum deur 'n polisievoertuig gedetoneer is en klagtes 26 tot en met 28 op die myn wat op 12 Desember 1985 deur 'n ander weermag voertuig gedetoneer is, terwyl aanklagte 34 betrekking het op die landmyn wat op 12 Februarie 1986 op Overvlakte ontplof het toe mnr van Rensburg naby die vliegveld daaroor gery het.

Die Staat se saak op hierdie aanklagte berus hoofsaaklik op 'n bekentenis wat tweede appellant op 8 Januarie 1987 aan 'n landdros op Groot Marico gemaak het en op sekere uitwysings deur hom aan luitenant Groenewald van die Suid-Afrikaanse Polisie op 16 Januarie 1987. Dit is gemene saak dat tweede appellant op 2 Januarie 1987 deur soldate in Bhoputhatswana gevange geneem is, dat hy daarna deur die intelligensjediens van Bophuthatswana in Mabatho aangehou is, dat hy op 6 Januarie 1987 aan luitenant Wehrmann van die veiligheidstak van die Suid-Afrikaanse Polisie oorhandig

is, dat hy daarna in die polisie-selle op Groot Marico aangehou is en dat hy op 8 Januarie 1987 'n bekentenis aan landdros Barnard gemaak het in laasgenoemde se kantoor op die dorp. Die verdediging het by die verhoor beswaar gemaak teen die inhandiging van die bekentenis omdat dit na bewering nie vrywillig gemaak is nie maar nadat getuienis in 'n binneverhoor aangehoor is, is die beswaar verwerp en die bekentenis toegelaat. Later het luitenant Groenewald getuig oor die uitwysings op 16 Januarie 1987. Hoewel tydens kruisondervraging stellings aan hom gemaak is wat daarop neergekom het dat tweede appellant geen uitwysings gemaak het nie maar eenvoudig aangesê is om op sekere plekke te staan waar fotos geneem is (Groenewald het die stellings ontken), het tweede appellant nie oor die meriete van die saak getuig nie. Groenewald se getuienis oor die uitwysings staan derhalwe onweerspreek.

Die fundamentele geskilpunt was, en is nog

steeds, die toelaatbaarheid van die bekentenis. By die verhoor het tweede appellant se advokaat aanvaar dat die bewyslas ten opsigte van die toelaatbaarheid daarvan weens die bepaling van art 217 (1) (b) (ii) van die Strafprosedeswet 51 van 1977 op die verdediging gerus het. In hierdie hof het mnr Mahomed (wat nie by die verhoor opgetree het nie) egter betoog dat die sertifikaat van die tolk wat in die bekentenis (bew RR) verskyn, nie voldoen aan die vereistes gestel in art 217 (1) (b) (i) nie en dat die gebrekkige sertifikaat meebring dat die bewyslas nie op die verdediging gerus het nie.

Mnr Mahomed moet gelyk gegee word dat die sertifikaat nie aan die voorgeskrewe vereistes voldoen nie. Art 217 (1) (b) (i) vereis 'n sertifikaat deur die tolk "met die strekking dat hy getrou en juis en na sy beste vermoë getolk het" Die sertifikaat wat op bew RR verskyn lees soos volg:

"Ek Peter Kubayi verklaar hiermee dat ek die verklaarder verstaan het en dat ek alles getolk het wat deur die verklaarder gesê is en alles getolk het wat die landdros gevra of gesê het en alles getolk het wat in die kantoor gesê is na die beste van my vermoë."

Mnr Kubayi het nie gesertifiseer dat hy "getrou en juis" getolk het nie en ek stem saam dat die sertifikaat nie voldoen aan die voorgeskrewe vereistes wat ongetwyfeld streng nakoming verg nie.

Ek stem egter nie saam dat die effek van hierdie gebrek is, soos mnr Mahomed betoog het, dat art 217 (1) (b) (ii) nie in werking getree het nie. Die enigste effek van die gebrekkige sertifikaat is myns insiens dat die bekentenis nie by blote voorlegging toelaatbaar was nie. Art 217 (1) (b) bevat twee afsonderlike voordele vir die Staat: die eerste is dat 'n bekentenis by blote voorlegging toelaatbaar is onder die omstandighede in sub art (i) uiteengesit en die tweede is dat 'n bekentenis onder die omstandighede in sub art (ii) uiteengesit,

geag word vrywillig en ongedwonge gemaak te gewees het.

Sou daar nie voldoen word aan die vereistes van sub art

(i) nie, beteken dit slegs dat die bekentenis op die ge-

wone manier bewys moet word. Kortom, die inwerkingtrede

van sub art (ii) is nie afhanklik van nakoming aan die

vereistes van sub art (i) nie. (vgl S v Yolelo 1981

(1) S A 1002 (A) op 1009 D- 1011 G).

In die onderhawige geval is landdros Barnard en mnr Kubayi beide as getuies vir die Staat geroep en hulle getuienis bewys onteenseglik dat tweede appellant die bekentenis wat in bewysstuk RR verskyn, gemaak het. Trouens, tweede appellant het in sy getuienis in die binneverhoor nooit te kenne gegee dat dit nie die geval was nie.

Mnr Mahomed het wel betoog dat die bekentenis nie behoorlik bewys is nie omdat Kubayi nêrens uitdruklik getuig het dat hy getrou en juis getolk het nie. Dit is waar dat hy so 'n bewering nie uitdruklik gemaak het nie maar, siende dat hy die amptelike holtolk was, dat hy getuig het dat

dit sy taak was om toe te sien dat wat landdros Barnard en tweede appellant aan mekaar gesê het, korrek en sonder misverstand getolk word wat hy na die beste van sy vermoë gedoen het, en veral dat dit nooit aan Kubayi gestel is of enigsins anders gesuggereer is dat dit nie getrou en juis was nie, bestaan daar meer as voldoende rede om te aanvaar dat daar niks gekort het met die vertolking nie.

(Rex v Matakane 1948 (3) S A 384 (A) op 390).

Mnr Mahomed het voorts betoog dat die verhoor-regter in elk geval fouteer het in sy verwerping van die verdedigingsgetuienis in die binneverhoor en in sy bevinding dat tweede appellant die bekentenis vry en ongedwonge sonder enige onbehoorlike beïnvloeding gemaak het terwyl hy by sy volle verstand was. Hierdie betoog kan ook nie aanvaar word nie. Die geskil in die verhoorhof oor die toelaatbaarheid van bewysstuk RR het, behoudens die getuienis van mnr Friedman waarna binnekort verwys sal word, uitsluitlik om die geloofwaardigheid van tweede appellant en

luitenant Wehrmann gewentel. Die verhoorregter het tweede appellant se getuienis verwerp en die van luitenant Wehrmann aanvaar. Ek is nie van voorneme om die getuienis of die verhoorregter se uitspraak daaroor of die punte van kritiek wat in hierdie hof teen die uitspraak geopper is volledig te behandel nie. Dit is waar dat sommige aspekte van die uitspraak vatbaar is vir kritiek maar daar bestaan geen rede om te verskil van die verhoorregter se bevinding dat tweede appellant in wesenlike opsigte 'n volslae ongeloofwaardige getuie was nie. Bondig gestel was sy getuienis tot die effek dat hy aangerand is deur die soldate wat hom op 2 Januarie 1987 in Bophuthatswana gearresteer het en dat hy 'n paar maal geklap is deur 'n persoon wat hom op 3 Januarie in die kantore van die intelligensiediens van Bophuthatswana ondervra het. Daarna is hy nie weer aangerand nie maar met allerlei dreigemente, onmenslike behandeling en beledigings geestelik gemartel tot so 'n mate dat hy nooit kon slaap of selfs eet nie. Volgens hom het hy op

Donderdag 8 Januarie 1987 toe hy die bekentenis gemaak het by landdros Barnard opgedaag nadat hy vir 6 dae niks geëet het nie en vir 6 nagte nooit geslaap het nie. Hy beweer dat hy fisies uitgemergel en geestelik so afgetakel was dat hy nie meer behoorlik kon konsentreer nie en selfs aan selfmoord gedink het. Indien sy beskrywing van sy wedervarings en van sy toestand by sy verskyning in landdros Barnard se kantoor die waarheid is, is dit ondenkbaar dat die landdros nie heel vroeg sou agterkom dat daar iets met hom gekort het nie. Dit is gemene saak dat hy al die preliminêre vrae wat landdroste gewoonlik vra by die afneem van bekentenisse bevredigend beantwoord het sonder enige aanduiding dat hy gedreig of op enige manier beïnvloed was om die verklaring te maak. Dit is ook gemene saak dat die afneem van die verklaring meer as vier ure in beslag geneem het. Die landdros het meer as voldoende geleentheid gehad om agter te kom dat alles nie pluis was nie, indien dit inderdaad die geval was. Volgens hom (en

sy eerlikheid is nòg in die verhoorhof nòg in hierdie hof in twyfel getrek) was tweede appellant egter kalm en bedaard en het hy volkome normaal voorgekom. Gedagtig verder aan tweede appellant se bewerings oor sy toestand van geestesafhakeling en onvermoë om te konsentreer is dit insiggewend dat in die 24 bladsye wat bewysstuk RR beslaan hy in staat was om 'n kronologies korrekte en logiese relaas te verskaf. Kortom, sy weergawe van sy wederverings en sy toestand tydens die afneem van die bekentenis kan nie gerym word met die landdros se waarnemings en die aard van sy relaas nie.

Die gebreke in tweede appellant se getuienis gaan verder as blote onskuldige oordrywing. Hy het byvoorbeeld te kenne gegee dat hy in bewysstuk RR 'n relaas gegee het deels van onwaarhede wat Wehrmann aan hom voorgesê het en deels van ware gebeurtenisse waarvan Wehrmann nie geweet het nie. Waarom hy soiets sou doen is onverstaanbaar. Sy verduideliking dat hy dit bloot gedoen het om Wehrmann te-

vrede te stel hou klaarblyklik nie steek nie. Dieselfde geld ook vir 'n ander verduideliking wat hy elders in sy getuienis gegee het. Hy het naamlik getuig dat Wehrmann hom op 7 Januarie 1987 die hele dag lank ondervra het. Dat hy daardie dag vir slegs 1 1/2 uur ondervra is, is onteenseglik bewys aan die hand van inskrywings wat destyds in die polisie-registers gemaak is. Toe hy op die inskrywings gewys is was hy heeltemal bereid om die bewering te maak dat dit vervals is wat in die omstandighede van hierdie saak so vergesog is dat dit summier verwerp moet word.

Myns insiens is tweede appellant se getuienis tydens die binneverhoor tereg verwerp.

Die enigste ander getuie wat vir die verdediging in die binneverhoor getuig het was mnr G Friedman, 'n kliniese sielkundige wat tweede appellant op drie geleenthede gedurende Oktober en November 1987 gespreek het. Hierdie getuie het getuig dat :

"It appears that mr Nondula was subjected to a number of abnormal stressors which resulted in him experiencing a range of anxiety- and depression- related symptoms, to the extent of his mental state at the time in question being consistent with the diagnosis of Post Traumatic Stress Disorder and Atypical Depression."

Mnr Friedman was van mening dat :

".....it is highly unlikely that mr Nondula could have had the ability to act in an autonomous manner, and that he had relatively little choice but to comply with the alleged police requests."

(Hierdie aanhalings kom uit 'n geskrewe verslag van mnr Friedman wat by die verhoorhof ingehandig is.)

Afgesien van tekens van angs wat die getuie waargeneem het tydens sy konsultasies met tweede appellant (en wat hy toegegee het moontlik toe te skryf was aan tweede appellant se besorgdheid oor sy komende verhoor) was die diagnose geheel afhanklik van die betroubaarheid van tweede appellant se mededelings oor sy ervarings tydens aanhouding. Mnr Friedman was van oordeel

dat sy mededelings inderdaad betroubaar was hoofsaaklik omdat "the cluster of symptoms reported by mr Nondula were consistent with established psychiatric syndromes (of which it is highly unlikely he had any prior knowledge)". Die sg "cluster of symptoms", waarna hier verwys word is dieselfde as dié wat tweede appellant in die binneverhoor beskryf het en waarna deels hierbo verwys is. Dit mag wees dat mnr Friedman geen rede gehad het om die betroubaarheid daarvan te betwyfel nie - hoewel die veronderstelling dat tweede appellant nie oor voldoende kennis beskik het om sy toestand valslik in te pas by bekende psigiatriese sindrome ietwat naïef voorkom - maar ek het reeds aangedui dat tweede appellant se getuienis tereg verwerp is en dit moet aanvaar word dat hy mnr Friedman inderdaad mislei het sodat laasgenoemde se getuienis nie van veel waarde is nie. Afgesien hiervan het mnr Friedman ook toegegee dat, indien tweede appellant se relaas die waarheid was, selfs 'n leek soos land-

dros Barnard waarskynlik dieselfde tekens van angs sou kon waarneem as dié wat mnr Friedman self by tweede appellant waargeneem het. Soos vantevore aangedui het die landdros nie soiets opgemerk nie.

Ek kan derhalwe tot geen ander gevolgtrekking kom nie as dat die verhoorregter die inhoud van bew RR tereg toegelaat het.

In bew RR het tweede appellant beken dat hy - blykbaar gedurende 1982 - aangesluit het by die militêre vleuel van die A N C. Nadat hy opleiding ontvang het in allerlei aspekte van oorlogvoering het hy en vyf ander die land vanaf Zimbabwe binnegekom met die opdrag om "in geringe oorlog te voer met landnyne" in die Beitbrug omgewing. Hy het nie aangedui presies wanneer dit gebeur het nie maar uit die res van die verklaring kan afgelei word dat dit tussen Julie 1985 en Februarie 1986 moes gewees het. Die groep het ses landnyne op verskillende plekke gelê en daarna teruggekeer na Zimbabwe. Presies

waar die myne gelê is blyk ook nie uit die verklaring nie.

Gesien die algemene strekking van tweede appellant se bekentenis ten opsigte van die landmyne verbind bew RR hom nie met enigeen van die voorvalle waarop die klagtes tans onder behandeling betrekking het nie. Wat hierdie klagtes betref berus die Staatsaak egter nie bloot op bew RR nie maar ook op sekere uitwysings wat tweede appellant op 16 Januarie 1987 aan luitenant Groenewald, 'n speur-offisier van Pietersburg, gemaak het. Voordat die punte wat uitgewys is beskryf word is dit nodig om 'n be- toog wat in hierdie hof geopper is kortliks te behandel.

Vantevore is aangedui dat tweede appellant nie oor die uitwysings getuig het nie maar dat sy advokaat tydens die kruisondervraging van luitenant Groenewald sekere stellings aan hom gemaak het tot die effek dat tweede appellant niks uitgewys het nie maar bloot aange- sê was om op sekere plekke te staan en te maak asof hy iets uitwys terwyl 'n foto op elke plek geneem is. Mnr

Mahomed het betoog dat Groenewald se getuienis nie aanvaar moes gewees het nie en die Staat erg gekritiseer oor die versuim om enige getuie behalwe Groenewald ten opsigte van die uitwysings te roep. By die verhoor is dit bv aan Groenewald gestel dat ene Majoor Human en sersant McCabe hom en tweede appellant die dag van die uitwysings vergesel het. Verder het dit uit Groenewald se getuienis geblyk dat daar die betrokke dag 'n video opname van die uitwysings gemaak is. Waarom, het mnr Mahomed gevra, is Majoor Human of sersant McCabe nie geroep nie en waarom is die video opname nie voorgelê nie? Daar steek niks in hierdie betoog nie. Luitenant Groenewald se getuienis staan onweerspreek. Natuurlik is dit so dat getuienis nie noodwendig aanvaar moet word bloot omdat dit onweerspreek is nie maar, wanneer 'n hof gevra word om onweerspreekte getuienis te verwerp, moet die gehalte daarvan nagegaan word en sal dit slegs verwerp word indien dit inderdaad verwerplik is. Dit is sekerlik nie die geval met luitenant Groenewald se

getuienis nie. Boonop suggereer die stellings wat aan hom gemaak is so 'n mate van onsinnigheid in die polisie se optrede die dag van die uitwysings dat dit hoogs te betwyfel is of tweede appellant se getuienis daaroor ernstige oorweging sou verdien het indien hy daarvoor getuig het.

Volgens luitenant Groenewald het tweede appellant verskeie punte aan hom uitgewys, slegs twee waarvan tans ter sake is. Een was die punt waar mnr van Rensburg op 12 Februarie 1986 'n landmyn op die plaas Overvlakte raakgery het en waarop klagte 34 betrekking het. Hieroor hoef nie uitgewei te word nie. Op die foto wat van die uitwysing by die ander punt geneem is verskyn tweede appellant terwyl hy met sy een hand in die een rigting en met sy ander hand in 'n ander rigting wys. Die punt is op die wal van 'n droë velddam. Volgens ander getuies is die betrokke dam baie na aan die punt waar die De Nysschen voorval op 15 Desember 1985 plaasgevind het en wys tweede appellant

op die foto waarna so pas verwys is, in die rigting van daardie punt. Majoor Muller het verder getuig dat die rigting waarin tweede appellant met sy ander hand op die foto wys die rigting is waarin hy 'n slaapplek gevind het toe hy die spoor op 27 en 28 November 1985 gevolg het.

Die slaapplek en die dam is ongeveer 10 km vanaf die Limpopo.

Dit is reeds gemeld dat tweede appellant nie in bew RR die presiese plekke aangedui het waar die ses landmyne gelê is nie. Ten opsigte van een daarvan lees die bekentenis egter soos volg :

" Ons het toe onder die bome gelê. Ons het daar gerus tot omtrent 19h 00, want ons beweeg net in die nag. Net langs die plek waar ons gerus het was daar 'n dam. Ons het ons waterbottels vol gemaak ons het tussen die bome geskuil. Die bevelvoerder het toe 'n landmyn op die pad langs die dam gaan stel. Daarna het ons verder beweeg en was nie ver van die Zimbabwe grens af nie, ongeveer 10 km daarvandaan. Ons het toe oornag."

Word al hierdie getuienis as geheel beoordeel

is die enigste redelike afleiding dat die landmyn wat De Nysschen op 15 Desember 1985 gedetoneer het een van die was wat tweede appellant se groep daar geplant het. Dit volg dus dat hy tereg skuldig bevind is op aanklagte 3 tot en met 8 (moord), klagtes 29 tot en met 33 en klagte 34 (poging tot moord).

Soos vantevore aangedui het aanklagte 13 tot en met 28 betrekking op die myne wat op 27 November en 12 Desember 1985 deur weermag- en polisievoertuie gedetoneer is. Tweede appellant se skuldigbevinding op hierdie aanklagte is gebaseer op afleidings wat die verhoorhof gemaak het van sekere ontdekkings van Majoor Muller terwyl hy die spoor op 28 November 1985 gevolg het en van uitlatings wat tweede appellant in bew RR gemaak het oa dat sy groep ses myne in die gebied geplant het. Ek is nie van voorneme om die verhoorhof se redenasie of die relevante gedeeltes van die getuienis breedvoerig te behandel nie. Myns insiens regverdig die getuienis nie die afleiding - as die

enigste redelike moontlikheid - dat dit tweede appellant se groep was wat die betrokke myne geplant het nie hoewel daar baie sterk suspisie bestaan dat dit wel die geval was. Die skuldigbevindings op hierdie aanklagte kan derhalwe nie bly staan nie.

EERSTE APPELLANT : AANKLAGTE 9 en 10.

Hoe adj-olf Gerber en sersant Nel die aand van 26 Desember 1986 gesterf het is reeds beskryf. Dit is gemene saak dat eerste appellant sy hande op een of ander manier losgewikkel het en dat hy hulle daarna van agter (d w s vanaf die bak van die voertuig terwyl beide van hulle voor in die kajuit was) in die ry geskiet het. Dit het op die teerpad vanaf Pontdrif ongeveer 13 km vanaf Messina gebeur. Na die moord het eerste appellant met die moordwapen die bosse ingevlug waar hy, volgens hom, rondgeswerf het totdat hy op 3 Januarie 1987 aangehou is. Na sy aanhouding is hy na die veiligheidstak se kantore by Beitbrug geneem waar die takbevelvoerder, Kaptein Strydom,

oa 'n gesprek met hom gevoer het. Later die dag is hy en lede van die tak na 'n plaas in die omgewing van die Messina- Pontdriepad waar die moordwapen gevind is.

Eerste appellant se saak is dat hy in selfverdediging opgetree het. Volgens hom het van die swart soldate wat hom op 26 Desember 1986 op die plaas Chatsworth gevange geneem het hom vertel dat drie van sy makkers reeds doodgeskiet was en van hom wou weet waarom hy homself nie geskiet het nie aangesien die polisie, aan wie hy toe oorhandig sou word, hom in elk geval gaan doodmaak. Dit, het hy getuig, het hom groot laat skrik omdat die Veiligheidspolisie berug is vir die doodmaak van gevangenes. Toe hy kort daarna die lyke van sy drie kamerade gewys is en boonop vertel is dat hy hulle gaan volg, het hy werklik vir sy lewe begin vrees. Hy is geblinddoek en agter op 'n bakkie gegooi met die lyke van die ander bo-op hom en in hierdie posisie vervoer na 'n punt waar hy op 'n ander bakkie oorgelaai is. Nadat hierdie bakkie 'n end gery het, het

dit tot stilstand gekom. Iemand het die blinddoek van sy kop afgeruk en vir hom gesê: "Ja terroris, ons is moeg van terroriste in hierdie area. So ons gaan jou skiet." 'n Ander persoon het te kenne gegee dat hulle 'n geskikte plek moes vind waarop hy weer geblinddoek is en die bakkie weer vertrek het. Sy getuienis oor wat daarna gebeur het lees soos volg :

"Ek weet nie wat daarso gebeur het nie, ek sien maar net ek breek daardie toue of veterek het daarso opgestaan, ek neem hierdie AK en ek het net toe begin vuur hier na die kajuit toedie bakkie het tot stilstand gekom, ek het afgespring en weggehardloop."

Gevra na die rede waarom hy geskiet het, het hy geantwoord:

"Soos wat ek alreeds gesê het, toe ek hulle nou skiet, dit was omdat ek vrees ingeboesem was, hulle gaan my doodmaak hierdie twee mense. So ek neem hierdie vuurwapen, ek wil wegkom, ek gebruik dit sodat ek kan wegkom.....ek het nooit gedink of ek hulle wil doodmaak, ek wil net weggehardloop het....."

Mnr Mahomed het aangevoer dat die verhoorhof

eerste appellant se getuienis oor die omstandighede waar-

onder en die rede waarom hy die twee polisiemanne doodgeskiet het moes aanvaar het en hom vrygespreek het of hoogstens skuldig bevind het aan strafbare manslag op die basis dat hy die perke van noodweer oorskry het. Weereens stem ek nie saam nie. Selfs indien eerste appellant se weergawe aanvaar word het hy homself na my mening hoegenaamd nie in 'n noodweer situasie bevind toe hy geskiet het nie; intendeel, toe hy met die gelaaide geweer in sy hande en nog drie dergelike wapens by sy voete agter die twee niksvermoedende polisiemanne gestaan het, was die mag in sy hande en het hy klaarblyklik nie meer in nood verkeer nie.

Daarbenewens kan die betoog dat appellant se weergawe redelikerwys waar kan wees in elk geval nie aanvaar word nie. Eerste appellant het hom in menige opsigte as 'n volkome ongeloofwaardige getuie bewys. Hy het bv 'n verhaal vertel van 'n hele reeks aanrandings wat lede van die veiligheidstak vanaf die môre van 3 Januarie tot die middag van 4 Januarie 1987 op hom gepleeg het. Dit is nie

nodig om sy getuienis in besonderhede te behandel nie; dit is voldoende om te sê dat die aanrandings wat hy beskryf het van so 'n aard was dat dit noodwendig maklik waarneembare tekens moes gelaat het wat dr Pistorius ('n geneesheer van die weermag wat hom op 3 sowel as 4 Januarie 1987 ondersoek het) onmoontlik kon miskyk. Volgens lg was daar geen sodanige merke nie en, hoewel dit aangevoer is - en hoewel dit selfs aanvaar kan word - dat dr Pistorius 'n omvattender ondersoek kon uitgevoer het, is dit nooit gesuggerêer dat hy nie 'n eerlike getuie was nie. Met die ondersoek wat hy wel uitgevoer het moes hy ongetwyfeld tekens van aanranding gevind het indien eerste appellant se weergawe die waarheid is. Dit kan aanvaar word dat daar nie soiets was nie.

Eerste appellant se getuienis oor die terugvind van die moordwapen is nog meer onaanvaarbaar. Hy weet te vertel dat die polisie hom geneem het na die plaas waar die wapen gevind is, dat een van die polisiemanne dit gevind

het en dat hy toe aangesê is om by die betrokke plek te gaan staan sodat 'n foto van hom geneem kon word. Die betrokke plek is in 'n redelik dig beboste gebied noord af van die pad tussen Messina en Pontdrif en hoe die polisie sou geweet het waar om vir die wapen te gaan soek is onverstaanbaar. Toe eerste appellant hieroor gekruisvra is het hy te kenne gegee dat hy die polisie op Beitbrug vertel het dat hy nie geweet het waar hy die wapen "weggegooi" het nie maar dat hy bygevoeg het dat hy kon onthou dat hy by 'n plek verby gegaan het "wat vir my soos 'n waterpan gelyk het". Volgens hom het Strydom toe gesê dat hy so 'n plek ken en dit is die plek waarheen die polisie hom geneem het en waar die wapen gevind is. Daar is minstens drie faktore wat dui op die onwaarheid van hierdie verduideliking. Eerstens is die wapen nie naby 'n waterpan gevind nie. Tweedens is luitenant Dreyer se getuienis dat hulle eers na een plaas gery het en toe na 'n ander waar die geweer gevind is, nooit betwis nie. Waarom,

indien Strydom dan die plek geken het, het hy eers na 'n verkeerde plaas gery? Derdens is eerste appellant se weergawe nooit aan Strydom gestel nie. Word sy getuienis vergelyk met dié van luitenant Dreyer wat spesiaal van Louis Trichardt gekom het sodat die uitwysing wat eerste appellant volgens Kaptein Strydom bereid was om te maak, aan iemand gemaak kon word wat niks met die saak te doen gehad het nie, is dit volkome duidelik dat die verhoorhof tereg eerste appellant se getuienis verwerp en luitenant Dreyer s'n aanvaar het.

Eerste appellant se getuienis is so deurspek met bewerings wat net eenvoudig nie waar kan wees nie dat dit onmoontlik is om alle aspekte daarvan te behandel. Ek verwys net na enkele voorbeelde van die soort bewering wat hy bereid was om te maak. Hy het erken dat hy kort na sy aanhouding te kenne gegee het dat hy deur sy meerderes in die A N C gedwing is om as gids vir die groep op te tree. Dit, het hy in sy getuienis gesê, was egter 'n

leuen wat hy op die ingewing van die oomblik vertel het. Hy het ontken dat hy kort na sy gevangeneming aan Majoor Linden, 'n inligtings-offisier van die weermag, gesê het dat die doel van die groep se besoek was om landmyne suid van die teerpad te plant. Volgens hom was die groep op 'n verkenningsstog in die gebied. Toe hy gewys is op die land- en antipersoneel-myne wat gevind is op die plek waar hy en sy makkers gevlug het toe Schubert op hulle geskiet het, en op die onwaarskynlikheid dat verkenners sulke wapens met hulle sou saamdra, was sy verduideliking dat dit maar net saamgebring is om in die pad van agtervolgers te stel indien die groep betrap en agtervolg sou word. Toe hy verder daarop gewys is dat daar niks tussen die groep se toerusting of aan die persoon van enigeen van hulle gevind is wat daarop dui dat hulle verkenners was nie, was sy verduideliking dat die leier inderdaad 'n verkyker en 'n nota-boekie by hom gehad het maar dat hy dit tydens die agtervolging weggegooi het. Later in kruisondervraging is hy

uitgevra oor die gebeure toe Schubert op hulle afgekom het. Volgens hom het die groep onder 'n boom gerus toe hulle Schubert se voertuig hoor nader het. Sy leier het opdrag gegee dat hulle gereed moes maak vir 'n geveg en dat hulle teleurgesteld was om te sien dat daar burgerlikes op die voertuig was. Toe hy daarop gewys is dat dit nie van verkenners verwag sou word om 'n geveg aan te knoop nie was sy antwoord dat dit inderdaad ook nie was wat hulle wou doen nie en dat hulle juis probeer wegstuur het sodat die burgerlikes hulle nie sou raaksien nie. Maar toe is hy gewys op Schubert se getuienis (waaroor lg nooit gekruisvra is nie) dat sommige lede van die groep regop onder die boom gestaan het. Sy enigste reaksie was dat Schubert 'n leuen vertel omdat hulle plat gelê het.

Wanneer gelet word op sy getuienis oor sy reis die aand van 26 Desember agter op Gerber en Nel se bakkie blyk dit finaal watter soort getuie hy was. Soos vantevore gemeld het hy beweer dat die bakkie êrens in die

bos tot stilstand gebring is waar een van die polisie-
manne te kenne gegee het dat hulle hom gaan doodskiet
waarop die ander een gesê het dat hulle 'n geskikte plek
vir die doel moes vind en daarna voortgery het (soos eer-
ste appellant vertel hy geglo het, na die plek waar hy
doodgeskiet sou word). Waarom die dreigement nie daar
en dan in die bos uitgevoer is nie en waarom die persone
wat hom gedreig het uit die bos uitgery het totdat hulle
op die teerpad was en vandaar voort tot op 'n punt nie
meer as 13 km van Messina nie kon eerste appellant nie
verklaar nie. Volgens hom het hy nie eens agtergekom
dat hulle later op die teerpad gery het nie want, het
hy getuig, dit was donker en hy kon nie voel dat die pad-
oppervlakte verander het nie. Wat hy egter uit die oog
verloor het is dat hy sy blinddoek op daardie stadium
verwyder het en dat hy in die ligte van die voertuig sou
kon sien dat hulle op 'n teerpad ry. In die verhoorhof
: sowel as in hierdie hof is gewag gemaak van die feit dat

sersant Nel se lyk voor in die voertuig gevind is terwyl hy by sy vertrek op pad Messina toe agter op die bak stelling ingeneem het met die woorde dat hy 'n oog oor die gevangene wou hou. Dit bevestig appellant se getuienis, so lui die betoog, dat die bakkie later gestop het en steun sy bewering oor die dreigement. Ek meen nie dat dit sy saak werklik steun nie. Dat die voertuig gestop het en dat Nel voor gaan sit het moet natuurlik aanvaar word maar daar is soveel denkbare verklarings vir sy optrede dat niks daaruit afgelei kan word nie behalwe dat hy gerus geraak het en gemeen het dat dit nie nodig was om eerste appellant op te pas nie. Of hy gerus kon gewees het na die beweerde dreigement is te betwyfel.

Ten slotte moet verwys word na appellant se getuienis oor die skietery self. Hy het deurgaans getrag om die verhoorhof te oortuig dat alles so vinnig gebeur het dat hy nie geleentheid gehad het om behoorlik te dink nie. In kruisondervraging het hy hom bv as volg uitgelaat:

"Toe hierdie ding gebeur het waarvan u praat, kan ek dit nie verduidelik nie, aangesien hierdie voorval vinnig plaasgevind het en ek was ook vreesbevange gewees, dit is vinnig en ek wil wegkom, weghardloop. Ek weet nie of dit 'n teerpad was, dit het nooit in my gedagtes gekom om te kan sê of dit by 'n teerpad was of waar ookal. Soos wat ek gesê het, hierdie voorval het vinnig plaasgevind. Ek het nie eers gekyk om te sien hoe daardie plek lyk nie. Ek het nooit oor sulke dinge gedink dat dit nodig was of nie. Ek was desperaat."

Daarna verskyn daar die volgende vraag en antwoord:

"As jy 'n persoon op kort afstand met daardie geweer skiet moet hy sterf, of sy kanse is baie goed dat hy sal sterf ?.....Dit is die waarheid, maar ek op daardie tydstip, oomblik het ek nooit daaraan gedink nie."

Hierdie getuienis is aan ons voorgehou om aan te dui dat eerste appellant nie geleentheid gehad het om sy optrede behoorlik te oorweeg en te besluit wat hom te doen gestaan het nie. Wat natuurlik uit die oog verloor word is dat die eerste appellant self was wat die voorval vinnig laat verloop het. Daar was geen rede vir haas nie en geen rede waarom hy die geweer vinnig moes gryp en blindweg

(soos hy probeer te kenne gee het) 'n sarsie skote op die twee niksvermoedende polisiemanne voor hom af te trek nie. Die indruk is onvermydelik dat hy homself losgewikkel het en beseft het dat hy 'n gulde geleentheid gehad het om te ontsnap. Hy het dit met beide hande aangegryp. Sy verweer is myns insiens tereg verwerp en daar kan nie ingemeng word met sy skuldigbevinding op aanklagte 9 en 10 nie.

DIE OORBLYWENDE AANKLAGTE (35, 36, 38 en 39).

Dit is onnodig om breedvoerig uit te wei oor hierdie aanklagte. Onderworpe aan 'n betoog ten opsigte van die moontlike duplikasie van aanklagte wat klaarblyklik ongegrond is (en wat derhalwe nie bespreek word nie) het mnr Mahomed toegegee dat eerste appellant op sy eie weergawe skuldig is op aanklagte 35, 36, 38 en 39 en dat tweede appellant, indien die bevinding is dat bew RR toelaatbaar is, skuldig is op aanklagte 35 en 36. Ek het reeds aangedui dat bew RR inderdaad toelaatbaar is. Wat

eerste appellant betref is die toegewing gebaseer op eerste appellant se getuienis oor sy optrede toe hy die land gedurende Desember 1986 binnegekom het. Aanklagte 35, 36, 38 en 39 is geformuleer om sy optrede gedurende 1985 ook in te sluit. Uit hoofde van die bevinding dat hy aandadig was aan die plant van die landmyne wat gedurende November en Desember 1985 ontplof het, is dit duidelik dat sy skuldigbevinding op aanklagte 35 en 36 nie beperk is tot sy optrede gedurende Desember 1986 nie - wat natuurlik ter sake was by die beoordeling van sy vonnis op daardie twee aanklagte.

DIE DOODVONNISSE

Dit is gemene saak dat die doodvonnis wat beide beskuldigdes op aanklag 35 opgelê is ter syde gestel moet word. Ooreenkomstig art 54(1) van die Wet op Binnelandse Veiligheid 74 van 1982 is die misdryf van terrorisme strafbaar "met die strawwe wat by wet vir die misdryf hoogverraad bepaal word." Tot 27 Julie 1990 was die doodvonnis

ooreenkomstig art 277 (1) (b) van die Strafproseswet 51 van 1977 'n bevoegde vonnis vir hoogverraad. Daarom was die verhoorhof bevoeg om beide appellante die doodvonnis op te lê weens hulle skuldigbevinding aan terrorisme.

Weens die wysiging van art 277 deur art 4 van die Strafreg-wysigingswet 107 van 1990 wat op 27 Julie 1990 in werking getree het, is hoogverraad tans slegs met die dood strafbaar indien dit gepleeg word wanneer die Republiek in a staat van oorlog verkeer en, ooreenkomstig art 20 (1) (a) van lig wet, moet hierdie appèl afgehandel word asof art 4 te alle ter saaklike tye in werking was. Die Staat en die verdediging is dit eens dat die land nie in 'n staat van oorlog was ten tyde van die pleeg van die onderhawige misdade nie en dit volg dus dat die doodvonnis nie langer beskou kan word as 'n bevoegde vonnis nie.

'n Verdere gevolg van die wysiging van art 277 is dat 'n appèl teen die doodvonnis tans op 'n totaal ander basis as in die verlede beoordeel word. Die huidige be-

nadering is beskryf in beslissing van hierdie hof soos dié in S v Masina and Others 1990 (4) S A 709 (A) op 713 J - 715 A; S v Senonohi 1990 (4) S A 727 (A) op 733 B-E en 734 D- 735 A; S v Nkwanyana and Others 1990 (4) S A 735 (A) op 742 I- 745 G; S v Mdau 1991 (1) S A 169 (A) op 174 A-H; S v P 1991 (1) S A 517 (A) op 522 C- 523 C.

In die onderhawige geval is die doodvonnis opgelê voor die inwerkingtreding van art 4 van die Wysigingswet en, hoewel die verhoorhof bevind het dat daar geen versagtende omstandighede was nie, is daar geen bevinding oor die aan- of afwesigheid van enige strafversagtende of- verswarende faktore nie. Nogtans is dit uit hoofde van art 20 (1) van die Wysigingswet die taak van hierdie hof om, met inagneming van sodanige faktore, self te oordeel of die doodvonnis die gepaste vonnis is.

Die faktore waarop beide appellantesteun en wat volgens mnr Mahomed as strafversagtend beskou moet word, kom in breë trekke ooreen met dié wat in S v Masina

and Others (supra) ter sprake was (p 717 G- 718 B van die verslag). Eerste appellant het getuig oor die redes waarom hy die land verlaat het en as opgeleide lid van Umkonto we Sizwe teruggekeer het met die groep wat op 26 Desember 1986 met weermag-eenhede slaags geraak het. Daarbenewens het Prof Fatima Meer, Prof Lodge en Eerw Chikane getuig oor die politieke en sosiale omstandighede in Suid-Afrika gedurende die sewentiger jare en ook oor die invloed op swart jeugdiges van die oproer wat gedurende 1976 in Soweto begin het. Tweede appellant het slegs in die binneverhoor getuig. Die enigste spesifieke inligting oor hom verskyn in bew RR en in gedeeltes van Prof Meer se getuienis. Daar is, wat die algemene agtergrond betref, geen verskil tussen hom en eerste appellant nie. Beide van hulle het hulle hoërskool-loopbane gedurende 1981 prysgegee toe hulle die land afsonderlik verlaat en by Umkonto we Sizwe aangesluit het. Op daardie stadium was eerste appellant 21 jaar oud en tweede appellant

ongeveer 18. Later het albei van hulle ondervinding gehad (eerste appellant in Mosambiek en tweede appellant in Lesotho) van die verwoesting wat aanvalle deur eenhede van die Suid-Afrikaanse weermag in die geledere van die A N C en onder die burgerlike bevolking van die betrokke lande gesaai het. Eerder as om hulle af te skrik, het hierdie ondervinding hulle verhard en meer vasbeslote gemaak om deel te neem aan 'n gewelddadige sfryd teen 'n bewind wat hulle asonwettig en onregverdig beskou het. Eerste appellant het homself as 'n soldaat beskou wat vir vryheid geveg het en daarom, het hy getuig, het hy verwag om, indien hy gevange geneem word, soos 'n soldaat behandel te word en nie soos 'n misdadiger nie.

Voor die wysiging van art 277 van die Strafproseswet is dit reeds aanvaar dat die feit dat 'n moord met 'n politieke oogmerk gepleeg is in gepaste omstandighede as 'n versagende omstandigheid beskou kon word (S v Mkaba and Others 1965 (1) S A 215 (A) op 217; S v McBride 1988

(4) S A 10 (A) op 25); en dat dit in die huidige bedeling ook as strafversagtende faktor kan dien blyk uit die beslissing in Masina se saak (supra) op 719 B. Of dit in 'n bepaalde geval so beskou moet word hang van die omstandighede af en daarby moet natuurlik gevoeg word dat, selfs al sou dit as 'n versagtende faktor beskou word, die gepastheid van die doodvonnis nog steeds beoordeel moet word met inagneming van die versagtende sowel as die verswarende faktore (vgl die McBride saak (supra) op 24 A-D).

By die oorweging van die omstandighede van die onderhawige saak is dit nie onvanpas nie om die moorde waaraan die appellante skuldig bevind is in korrekte perspektief te plaas, gesien veral eerste appellant se aandrang om nie soos 'n misdadiger behandel te word nie. In sy getuienis het hy herhaaldelik laat blyk dat hy verkies om nie 'n terroris genoem te word nie - hy is 'n soldaat van Umkhonto we Sizwe. Vir doeleindes van vonnisop -

legging gaan dit egter nie om benamings nie maar veel eerder om die aard van die misdaad. Die kruisondervraging van sommige Staatsgetuies was daarop gemik om te probeer bewys dat die myne in 'n sg militêre gebied geplaas is en vir militêre teikens bedoel was. Weipe was egter alles behalwe 'n militêre gebied; dit is 'n landboustreek maar, omdat dit aan 'n vyandiggesinde land grens, is sommige van die paaie (die kaplyn-pad in besonder) wat daagliks deur die plaaslike inwoners gebruik is, van tyd tot tyd deur die veiligheidsmagte gepatrolleer. Toe eerste appellant die myn in die pad voor die winkel geplant het, het hy ongetwyfeld terdeë besef dat sy slagoffers net sowel burgerlikes mag wees - soos wat inderdaad die geval was. Die myn wat die De Nysschen-en van Eck-families grotendeels uitgewis het was op 'n wildspaadjie waar die veiligheidsmagte nooit gekom het of ooit kon kom nie omdat die toeganghek te klein was vir groot voertuie. Die afleiding is

dat dit juis vir burgerlikes bedoel was. Dit is optrede van hierdie aard wat in S v Mange 1980 (4) S A 613 (A) op 619 D-F as suiwer terrorisme bestempel is. En wanneer teruggedink word aan die terreurdade wat die afgelopen aantal jare in Suid-Afrika plaasgevind het, is die indruk onvermydelik dat kleefmyne, tydbomme en landmyne die mees effektiewe en gevreesde wapens in die hande van terroriste is, nie net omdat dit met 'n geringe mate van risiko vervoer en gestel kan word nie, maar veral weens die verwoestingskrag daarvan wat enigiemand kan tref. Die verhoorregter het dit soos volg gestel:

"Die plant van die myn is soos die verderf wat op die middag verwoes. Dit is 'n verderf wat niemand ontsien nie, nie swart nie, nie wit nie, nie man nie, nie kind nie, nie vrou nie."

Dat dit so is, blyk uit die feite van hierdie saak. Die ergste is dat hierdie verwoesting gewoonlik gesaai word wanneer diegene wat daarvoor verantwoordelik was nie langer op die toneel is nie en soms reeds weer die land

verlaat het.

Uit eerste appellant se getuienis blyk dit in elk geval - en dit geld sonder twyfel uit: tweede appellant ook - dat hy geweet het dat misdade deur lede van sy organisasie inderdaad as misdade beskou word deur die Suid-Afrikaanse howe en as sodanig strafbaar is. Boonop het hy getuig dat dit nie die beleid van die organisasie is om burgerlike teikens aan te val nie en dat hy persoonlik die plant van landmyne wat burgerlikes kan be- seer as ongedissiplineerde optrede beskou. Nogtans is dit presies wat hy self gedoen het.

Hoewel ek bereid is om die faktore waarop na- mens die appellant gesteun word as strafversagting te aanvaar, moet die verswarende faktore waarna ek verwys het, wat aanklagte 1 en 3-8 betref, ook oorweeg word. Dit moet verder in gedagte gehou word dat die belange van die gemeenskap sterk na vore kom in sake van hierdie aard. Dit mag so wees soos mnr Mahomed aangevoer het

dat appellante se optrede deur 'n groot gedeelte van die gemeenskap goedgekeur word ongeag die resultate daarvan. Ek glo egter nie dat dit deurslaggewend is nie. Feit bly dat dade soos hierdie nie in 'n beskaafde land geduld kan word nie. Indien dit nie na behore gestraf word nie bestaan daar die moontlikheid dat die regspleging in diskrediet mag verval en dat gegriefde persone hulle tot eierigting mag wend. In R_v_Karg 1961 (1) S A 231 op 236 A-C het SCHREINER AR opgemerk:

"But the element of retribution, historically important, is by no means absent from the modern approach. It is not wrong that the natural indignation of interested persons and of the community at large should receive some recognition in the sentences that courts impose, and it is not irrelevant to bear in mind that, if sentences for serious crimes are too lenient, the administration of justice may fall into disrepute and injured persons may incline to take the law into their own hands."

Hierdie opmerking is besonder toepaslik in 'n geval soos die onderhawige. Word in hierdie geval die strafver-

sagtende en verswarende faktore teen mekaar opgeweeg, is die doodvonnis myns insiens die enigste gepaste straf vir eerste appellant op klag 1 en vir tweede appellant op klagtes 3 tot en met 8.

Voordat ek van hierdie klagtes afstap, is daar 'n finale betoog van mnr Mahomed wat kortliks behandel moet word. Hy het naamlik aangevoer dat hierdie hof kennis moet neem van die versoeningspogings wat tans op politieke gebied aan die gang is en die grondwetlike veranderings wat in die vooruitsig gestel word. In die lig hiervan het hy aangedring op, soos hy dit gestel het, "a sentence which reaches out for reconciliation". Myns insiens sal dit totaal onvanpas wees as 'n hof die gepastheid van die doodvonnis sou oorweeg in die lig van die huidige politieke klimaat of met die bevordering van 'n bepaalde politieke proses ten doel. Dit kan nie toegelaat word dat oorwegings soos hierdie die hof se besluit oor 'n gepaste vonnis beïnvloed nie. Dit is nie

die taak van strafhowe om deur die vonnisse wat hulle
 oplê die politieke strewes van bepaalde groepe te bevoor-
 der of dié van andere te belemmer nie. (cf In Re Wil-
lem Kok and Nathaniel Balie 1879 Buch 45 at 66). In-
 teendeel, regterlike straf-toemeting veronderstel juis,
 in soverre dit menslikerwys moontlik is, volkome afsy-
 digheid met die oog op die billike handhawing van die
 reg, en regverdigheid nie net teenoor die beskuldigde
 nie maar ook teenoor die gemeenskap en diegene wat deur
 sy optrede benadeel is.

Ten opsigte van die moord op die twee polisie-
 manne (klagtes 9 en 10) moet die absolute onnodigheid
 van hulle dood en die grusaamheid van die daad as straf-
 verswarend beskou word. In die behandeling van aan-
 klagte 9 en 10 is hierbo reeds daarop gewys dat eerste
 appellant die hef in die hande gehad het nadat hy homself
 bevry en besit van die geweer geneem het. Ek aanvaar
 dat hy desperaat was, soos hy getuig het, maar dit was

'n desperaatheid om te ontsnap. Insteede daarvan dat hy Gerber gedwing het om die voertuig tot stilstand te bring en hom dan uit die voete te maak nadat hy sy bewaarders ontwapen het (wat hy maklik kon doen) het hy hulle koelbloedig van agter geskiet waarskynlik omdat hy hier 'n gulde geleentheid gesien het om boonop van twee gehate vyande ontslae te raak. Ek aanvaar nietemin dat dit 'n onoorwoë handeling was en dat hy weens sy opleiding waarskynlik in 'n mate instinktief opgetree het teen lede van die polisiemag wat volgens al die beskikbare getuienis die primêre teikens van die A N C was. Ten spyte van die grusame gevolge van sy lafhartige daad meen ek nie dat die doodstraf op hierdie twee aanklagte as die enigste gepaste vonnis beskou kan word nie.

DIE ANDER VONNISSE: AANKLAGTE 36, 38 en 39.

Aangesien die vonnisse op aanklagte 9,10 en 35 heroorweeg en tweede appellant se skuldigbevindings en vonnisse op aanklagte 13 tot en met 28 ter syde gestel

moet word is dit onnodig om die vonnis wat die verhoorhof op elke aanklag opgelê het te bespreek.

Wat aanklagte 9 en 10 betref spreek dit vanself dat eerste appellant 'n swaar vonnis verdien. Mynsiens is gevangenisstraf vir 25 jaar op die twee aanklagte wat as een geneem word vir doeleindes van vonnis nie onvanpas nie. Origens moet eerste appellante gevonnis word op aanklag 35 (terrorisme). Aangesien daar wat beide appellante betref 'n mate van oorvleueling tussen die afsonderlike aanklagte is meen ek dat die vonnisse soos later aangedui saam uitgedien moet word. Uit hoofde van die voorafgaande word die volgende bevel gemaak:

1. Eerste appellant se appèl teen sy skuldigbevinding en vonnis op aanklagte 1, 11, 12, 36, 38 en 39 en teen sy skuldigbevinding op aanklagte 9, 10 en 35 word van die hand gewys.
- 2 (a) Tweede appellant se appèl teen sy skuldigbevin-

ding en vonnis op aanklagte 3 tot en met 8, 29 tot en met 34, en 36, en teen sy skuldigbevinding op aanklag 35 word van die hand gewys.

2. (b) Tweede appellant se appèl teen sy skuldigbevinding op aanklagte 13 tot en met 28 word gehandhaaf. Die skuldigbevindings en vonnisse op hierdie aanklagte word ter syde gestel.

3. Eerste appellant se vonnisse op aanklagte 9, 10 en 35 word ter syde gestel en met die volgende vervang:

Aanklagte 9 en 10 wat saamgeneem word vir doeleindes van vonnis: 25 jaar gevangenisstraf.

Aanklag 35: 20 jaar gevangenisstraf.

Dit word beveel dat die vonnisse op aanklagte 11, 12, 35, 36, 38 en 39 saam uitgedien word met die vonnis wat op aanklagte 9 en 10 opgelê is.

4. Tweede appellant se vonnis op aanklag 35 word ter syde gestel en vervang met 20 jaar gevangenisstraf.

Dit word beveel dat die vonnisse op aanklagte 29,
30, 31, 32, 33, 34 en 36 saam uitgedien word met
die vonnis op aanklag 35.

J J F HEFER AR.

VIVIER AR)

EKSTEEN AR) STEM SAAM.